Opgestel vir Eikestadnuus
H.B.Th.
Junie 1969

191.A.1 (31)

# HULDE AAN MEV. WILCOCKS

By geleentheid van die ver-assing van wyle mev. Beatrix Wilcocks het prof. H.B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, namens die Universiteit en ook die gemeenskap van Stellenbosch 'n huldigingswoord gelewer.

Prof. Thom het o.a. gesê:

Twee-en-'n-kwart jaar gelede is die gemeenskap van Stellenbosch geskok deur die heengaan van dr. R.W. Wilcocks. Enkele dae gelede het nou die aangrypende nuus gekom dat ook mev. Wilcocks oorlede is. So kom dit dat ons vandag ook by haar ver-assing byeen is.

Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om namens die Universiteit hulde te bring aan die nagedagtenis van mev. Wilcocks, wat as rektorsvrou oor baie jare heen vir die Universiteit veel beteken het. Ook bring ek hulde in 'n meer persoonlike gees, in soverre mev. Wilcocks vir my persoonlik, en vir baie ander, steeds 'n toegeneë, hartlike, belangstellende medewerker in 'n verskeidenheid van sake was. Bowendien praat ek namens honderde oud-studente, wat haar ook goed sal onthou.

Mev. Wilcocks was die soort mens wat in die samelewing opgeval het. Dit is toe te skrywe veral aan drie belangrike eienskappe, waaroor sy in hoë mate beskik het.

Sy was 'n hoogs intelligente vrou, wat met indringende belangstelling kon praat oor die probleme van die dag. Sy was goed belese, en het oor 'n ~~baie~~ ruime kennis-agtergrond van ~~'n verskeidenheid van~~ baie sake beskik.

Sy was ook iemand met 'n diepe belangstelling in, en ernstige liefde vir, die kunste. In die letterkunde het sy haar in hoë mate verdiep en sy het steeds geprobeer om met belangrike nuwe publikasies op die hoogte te bly. Eweneens het sy groot belangstelling gehad in die skilderkuns, 'n gebied waarvoor sy die liefde en belangstelling van wyle haar suster Florence Zerffi gedeel het. Soos wel bekend is, het sy eweseer in die musiek belanggestel, waarin sy ook jare lank les gegee het.

Die/...........

Die derde eienskap waaroor sy so ruimskoots beskik het, was haar openhartigheid en beslistheid in haar opvattinge. Sy het die moed van haar oortuigings gehad, en sy het altyd daarvoor uitgekom. 'n Mens het altyd presies geweet waar sy staan. Weliswaar was daar mense wat nie altyd met haar saamgestem het nie, maar sy het die gawe besit om mense te beinvloed om vir hulle self te dink, iets wat in 'n universiteitsomgewing so noodsaaklik is.

In die lig van dit alles besef ons dat ons met haar heengaan 'n groot verlies gely het. Ons spreek ons meegevoel uit met haar nadere familiebetrekkinge, wie ongelukkig nie een aanwesig kan wees nie; ons spreek ook ons meegevoel met mekaar uit, want ons sal almal saam die gemis voel. Mev. Wilcocks was 'n bate vir ons Universiteit, vir ons dorp, en inderdaad vir ons gemeenskap as geheel.

(Prof. Thom het sy rede gedeeltelik in Afrikaans en gedeeltelik in Engels gelewer.)